Goliat van Gat

INSKRYWINGSVORM - PAMPOENGROEI WEDSTRYD

PRETORIA-15 Maart 2008/ STILBAAI-29 Maart 2008/ PIETERSBURG-8 Maart 2008

Naam: _____

Belangrik: Behou hierdie afskeur strokie as bewys van inskrywing. By datum van beoordeling sal daar van u verwag word om die bewys te toon.

Voorwaardes

- Die beslissing van die beoordelaars is finaal en geen korrespondensie sal gevoer word nie
- Deelnemers neem deel op eie risiko. Die organiseerders of die borge aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige gebeurlikheid of verliese wat mag ontstaan uit deelname aan die wedstryd of uit die gebruik van die riglyne wat gegee word vir die kweek van die pampoene.
- Die grootte van die pampoene sal bepaal word deur dit te weeg.
- Alle pampoene moet in goeie eetbare toestand wees.
- Deelnemers kan enige pampoen inskryf vir die wedstryd. Dit is nie beperk tot pampoene wat van Goliat van Gat saad gekweek word nie
- Al die pampoene word die eiendom van die organiseerders en sal vir liefdadigheid geskenk word.
- Inskrywingsgelde beloop R50-00 plus R5-00 posgeld per inskrywing en u kry vier pitte per inskrywing
- U kan vir enig een van die drie wedstryde inskryf. Merk asb duidelik vir watter wedstryd u inskryf.
- Beoordeling vind plaas op die volgende plekke en tye
    - Pretoria Boeremark, Pionier Museum, Silverton Pretoria. 15 Maart 2008
    - Stilbaai Laerskool Bertie Barnard Oos Kaap 29 Maart 2008
    - Noord Transvaal Boeremark Builders Warehouse Pietersburg 8 Maart 2008
- Die volgende kategorië word beoordeel:
    - Grootste pampoen
    - Mooiste pampoen
    - Lelikste Pampoen
    - Oorspronklikste inskrywing
    - Ander kompetisies soos deur streke gereël.
- Saad geborg deur ***Hygrotech*** ***www.hygrotech.co.za***

Metode van betaling:

- Tjeks uitgemaak aan Cullinan Boere-Unie
- Webblad www.agriwebsa.com
- Faks die afskeurstrokie saam met die bewys van betaling terug aan 086 610 8518 of e pos aan louis@agriwebsa.com
- Betaal in by Nedbank Tak Premier Myn Rek no 1620248778 Takkode 162050
- Algemene Navrae Louis Meintjes 082 461 7262

Aangebied deur Cullinan Boere-Unie, Radio Pretoria en TLU SA ten bate van Volkshulp 2000.

Besoek ons webblad by www.agriwebsa.com vir volledige inligting.

Afskeurstrokie

GOLIAT VAN GAT - 2008

Vul die pakkie nr. in en faks terug aan:- 0866 108 518 of per e-pos aan louis@agriwebsa.com
Merk asb. duidelik vir watter wedstryd u inskryf

Pretoria **Stilbaai** **Pietersburg**

Naam .....

Adres
.....
.....
.....

Tel .....
Faks .....
Sel .....
E pos .....

Bedrag ontvang: R _____In woorde:_____

Plek van Inskrywing._____

Handtekening _____
Ek aanvaar die voorwaardes soos uiteengesit
Algemene navrae Louis Meintjes 082 4617262
Webblad www.agriwebsa.com
E Pos louis@agriwebsa.com

Goliat van Gat

Plant spasiëring

Afhangend die ligging en die plek waar besluit gaan word om die pampoen te plant kan daar verskillende benaderings wees watter spasiëring gebruik gaan word. Indien daar in die agtertuin geplant gaan word en die spasie is langer as wat die breedte is sal die afstand tussen die plante verder wees. Indien die stuk grond wel meer vierkantig is sal die spasiëring tussen die plante nader wees

'n Aanbeveling wat as algemene riglyn gebruik kan word is om die plant genoegsame spasie te gee vir rank ontwikkeling. Die vrug word nie naby die stam geset nie maar ongeveer in die helfte van die rank se potensiële lengte wat 4-6m van die stam af is. 'n Spasiëring van 6m x 6m sal die plant maksimale sonlig onderskepping gee om optimaal te fotosinteer. Indien die fabriek van blare te klein is, is die plant nie instaat om 'n groot vrug te produseer nie. Hoe groter die plant hoe beter is sy vermoë om 'n groot pampoen te produseer.

Grondvoorbereiding

Maak grond deeglik los tot op 'n diepte van 50 cm oor die totale groei oppervlakte. Begin vroegtydig die nodige voeding inwerk in die vorm van kraalmis @ 1 kg per m^2 groei oppervlakte. Dit plant reageer gunstig deur die totale groei oppervlakte vooraf te bemes met kraalmis en of met die nodige voedingsbronne. Met plant maak 'n plantgat 20 cm diep x 1m deursnee in die middel van die goed voorbereide area. Maak seker dat die walletjie van plantgat hoog genoeg sal wees om genoegsame water op te vang tydens besproeiing

Plant aksie

Voor plant bemes die plantgat met 250g superfosfaat en 250g kaliumsulfaat. Indien 'n kunsmismengsel gebruik wil word soos 2:3:4 (30) kan 250g per plantgat toegedien word. Werk die bemesting deeglik in voor plant. 250 g **"Bounce Back"** kan saam met kunsmis ingewerk word in die plantgat. Ekstra kraalmis kan ook in die plantgat ingewerk word @ 1 kg per plantgat. Plant 2 pitte per plantgat 5 cm diep. Benat sodra klaar geplant is. Raadsaam om plantgat te bedek met 'n fyn sifdraad sodat muise nie die saad kan opeet nie

Saailing stadium

Sorg dat grond ten alle tye genoegsame vog het en dat jong saailinge nooit verwelk nie. Indien beide pitte opgekom het dun die swakste een uit om slegs een plant per plantgat te laat. Waak teen lente kewers en snywurms. Begin reeds 1e stikstof bemesting gee @ 5g Kalksteen ammonium nitraat (KAN) per plantgat ongeveer 10 cm weg vanaf plantjie. Meng die KAN met die grond deur dit in te werk. **Kickstart** 'n wortel stimulering produk kan in die groeifase toegedien word indien beter groei verkry wil word. Dien **Kickstart** toe @ 250 ml opgeloste produk per plantgat.

Vegetatiewe groeifase

Plant moet ten alle tye genoegsame vog ondersteuning hê. Bemes weekliks met 5g KAN per plantgat voordat besproei word. Waak teen lente kewers, CMR kewers en sprinkane wat jong blare en stingel groei kan beskadig.

Blom fase

Plant sal beide manlike en vroulike blomme dra. Gewoonlik sal manlike blomme eerste verskyn gevolg deur die vroulike blomme om genoegsame stuifmeel te verseker. Omrede slegs een vrug per plant geproduseer wil word kan daar aan die begin van die blom fase 2 vroulike blomme toegelaat word om te bestuif. Nadat bestuiwing plaasgevind het en die jong bestuifde vrug geset is en geen afspening voorkom nie kan die swakste een van die 2 vrugte verwyder word. Die plant sal voortdurend nog vroulike en manlike blomme produseer maar moet dit versigtig verwyder word tot aan die einde van die groeiseisoen. Waak teen CMR kewers wat deur die geel kleur van die blomme aangelok word. Spuit ook vir pampoenvlieg 'n insekdoder elke 10 dae. Spuit verkieslik in die na-middag wanneer heuningbye se aktiwiteite afgeneem het. Ondersteun die plante vêrder met 'n Boor en Calcium blaarvoeding aanvulling deur **Calmabon** saam met die insektedoder te spuit om goeie bevrugting en saad ontwikkeling binne in die vrug te verkry. Gebruik ook 'n kleefmiddel soos **Nufilm P** om te verseker dat die insekdoder nie afgewas kan word deur reën of besproeiing nie. Bemes nog weekliks met 5g KAN per plantgat.

Reproduktiewe fase

Beskerm die vrug so goed as moontlik teen enige meganiese, klimatologiese en ondier skades aangesien slegs een vrug per plant geproduseer word. Indien moontlik kan die vrug toegelaat word om op 'n sagte bed van koringstrooi of enige gesnyde gras te laat groei. Dit sal die vrug beskerm teen enige grond insekte wat moontlik die vrug vanuit die grond kan aanval.

Voldoende grondvog moet altyd teenwoordig wees. Op die stadium kan voorkomend @ witroes gespuit word.

Vir goeie vrug kwaliteit is dit belangrik dat Kalium bemesting vlakke hoog is. Sterk selwande sal goeie raklewe gee wat belangrik is vir die groot vrug. Indien vrugte reeds in Februarie bekwaam is sal die hoë kalium vlakke die vrug 'n langer raklewe gee tot en met die dag van beoordeling.

Gebruik deurgaans EM om die pampoen gesond te hou en groei te bevorder Skakel TLU SA of Louis Meintjes vir navrae. Inligting oor organiese verbouing van gewasse is ook op die Agriweb SA webtuiste gekry word
Sterkte en alle voorspoed!!!

Algemene Navrae Louis Meintjes 082 461 7262 E-pos louis@agriwebsa.com Web www.agriwebsa.com
Luhan Swart 0784591593 e-pos luhan@hygrotech.co.za

HYGROTECH

Goliat van Gat saad is geborg deur Hygrotech
Al die produkte is beskikbaar by Hygrotech kantore deur die land
Besoek ons webblad by www.hygrotech.co.za vir meer besonderhede